**Sondag 7 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 1:15 – 2:7**
**Fokusgedeelte: Hooglied 1:15-16a**
**Man en vrou is besonder mooi vir mekaar – deur Christus is ons beeldskoon vir God!**

Een van die treffendste kenmerke van die boek Hooglied is die beskrywings van die man en vrou se aangetrokkenheid tot mekaar. Die man verklaar dat die vrou vir hom baie mooi is, en die vrou verklaar dat die man vir haar baie mooi is. Ons hoor dit by uitstek in ons fokusverse: die man roep uit dat sy liefling mooi is (Hoogl. 1:15), en sy roep uit dat haar beminde mooi is (Hoogl. 1:16). Dieselfde gedagte word voortgesit in die res van die Skrifgedeelte: as die vrou beskeie verklaar dat sy ’n lelie van die valleie (of laagtes) is (Hoogl. 2:1), stel die man dadelik sake reg – sy is nie enige lelie nie; sy is soos ’n lelie tussen dorings (Hoogl. 2:2). Sy verklaar dan op haar beurt dat die man soos ’n appelboom is onder die bome van die bos, en dat sy verlang na sy beskerming en versorging (Hoogl. 2:3).

Hierdie aangetrokkenheid tussen ’n man en vrou is nie sommer maar net nie. Dit is hoe God ons geskep het. Hy het ons besonder mooi gemaak vir mekaar. My aangetrokkenheid tot my huweliksmaat is daarom iets besonders wat gevier en geniet mag word. Die een wat God vir my gegee het, is besonder mooi!

Die wonder van die evangelie is dat wanneer God na ons kyk, ons besonder mooi vir Hom is. Dit was ons allermins van nature. Ons was veel eerder soos Israel: ’n ontroue bruid (Eseg. 16; Hosea 1-3). Maar toe ons nog vyande van God was, het God sy liefde vir ons bewys deur Christus vir ons te laat sterf (Rom. 5:8). Christus het ons – die vuil en liederlik besmette bruid – geheel en al kom reinig. As God nou na ons kyk, lyk dit of ons nog nooit sonde gehad of gedoen het nie (HK Sondag 23). Deur Christus is ons beeldskoon vir God.

*Sing: Psalm 45-1:2, 10*
*Prof. AJ Coetsee (Albert) (TSP)*